26 Mei 2010

OUEROMSENDBRIEF 17/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

Selfbeeld

Die kind se selfbeeld is die uitvloeisel van hoe die kind hom/haarself beleef: Hoe sy/haar suksesse, mislukkings, liefde vir hom-/haarself, norms en waardes wat vir hul geld, positiewe -/negatiewe gedagtes oor die self beleef om 'n paar aspekte uit te lig.

'n Kind met 'n goeie selfbeeld het ook die vermoë om positiewe reaksies van maats te kry en daardie positiewe reaksies aan hulself toe te eien.

Kinders bou hul selfbeeld algaande op hoe die belangrike mense in hulle lewens, selfs hul maats, hulle oordeel. Die toegeneentheid, liefde, aanvaarding en goedkeuring wat kinders van jongs af kry, verskaf boustene vir die bou van 'n selfbeeld.

Tesame met die selfbeeld van 'n voorskoolse en skoolgaande kind sal ouers, onderwysers en ander jeugwerkers ook klem lê op verantwoordelikheid, dissipline, 'n positiewe gesindheid, waardes en norme in die kind se lewe.

Die kind se selfbeeld is in die hande van die volwassenes (ouers en onderwysers) wat hul met hom/haar bemoei. Opmerkings wat nie goed deurdink is en dade wat nie help om die opvoedingsituasie te verbeter, verpletter die kind se selfbeeld.

Bronne:

1. **'n Sterk selfbeeld in www.parenting.co.za (kinders 4-13jaar)**
2. **Lubbe, J.J. 2003. Die invloed van Gestaltgroepsspelterapie op die selfbeeld van laerskool dogters in 'n kinderhuis. UP. P 26-29**

KOOP U VOERTUIG BY McCARTHY TOYOTA, HENDRIK VERWOERDRYLAAN. HUL ONDERSTEUN DIE SKOOL GEREELD. SÊ U IS 'N OUER VAN BAKENKOP AS U 'N VOERTUIG BY HUL KOOP EN DIE SKOOL KRY 'N SKENKING VAN R1 000.00. KONTAK PERSONE PIETER VELDSMAN (NUWE VOERTUIE) VAUGHAN PRETORIUS (AUTOMARK).
Tel: 012 653 9400

2. VEILIGHEIDSDEURGANG : ELDORAIGNE 18

Finale goedkeuring deur Tshwane Metropool is verleen vir Eldoraigne 18 inwoners om hul gebied te beveilig.

Een van die veiligheidsaspekte wat u mag raak is die 24-uur toegang wat reg voor Laerskool Bakenkop in Underbergstraat opgerig word. Ander toegangsstrate in hierdie gebied sal op 'n 12-uur basis funksioneer t.o.v. toegangsbeheer.

Die toegangsbeheer is op alle verkeer van toepassing, ook die wat nie van die groot parkeerterrein teen Theuns van Niekerkstraat gebruik maak nie.

Die veiligheidsituasie vir die skool verbeter hiermee heelwat deurdat ongewenste straatgebruikers bv. nou identifiseerbaar kan wees as hul by die veiligheidshek inbeweeg het en motorvensters stukkend slaan. Ons sal steeds oplettend moet wees.

3. BEMARKER VIR DIE SKOOL

Die Beheerliggaam van Laerskool Bakenkop het besluit om 'n bemarker aan te stel. Die prosedures daarvoor is deurloop en Mev. Izett Grimzell was die gekose kandidaat onder die belowende aansoekers. Mev. Grimzell begin om in die derde kwartaal van 2010 haar pos as bemarker van Laerskool Bakenkop te vul.

Baie geluk Izett, ons sien daarna uit om saam met jou te werk.

4. FOTOS

- **Die bestelling van foto's van leerders wat afwesig was , sluit Donderdag 3 Junie 2010.**
- **Sportfoto's van rugby, netbal en atletiekspan word Donderdag 3 Junie 2010 geneem.**
- **Junior en Senior Koor en Suikerbekkies neem ook 3 Junie 2010 groepfoto's.**

5. SEUNSHOKKIE

Daar is hokkie oefening vir seuns wees op Vrydag 28 Mei 2010 en 4 Junie 2010.

Gr. 4, 5, en 6	**-**	**vanaf 13:00-14:00**
Gr. 7 (0/13)	**-**	**vanaf 14:00-15:00.**

6. LIONS CLUB FUN WALK

Die Lions Club Fun Walk word weer op Saterdag 29 Mei 2010 op Laerskool Bakenkop se rugbyveld aangebied. Daar is 'n 10km, 5km en 2km wedloop.

Elke leerder het reeds 'n inskrywingsvorm ontvang. Indien u gaan inskryf, stuur u inskrywingsvorm en inskrywingsfooi terug skool toe asseblief.

Plak u inskrywing toe in 'n koevert en skryf buite op die koevert die aantal inskrywings en vir watter afstande, want dit gaan direk na die Lions Club.

Die skool kry 'n deel van die inskrywingsfooi.

7. WARM SJOKOLADE

Warm sjokolade word elke oggend voor skool by die onthaallokaal deur die leiers verkoop. Koste is R4.00 per glas. Ondersteun hul gerus.

Vriendelike groete

J.W.C. SCHEEPERS
HOOF